HEFSIBA NUUSBRIEF van Kruger en Antoinette du Preez
HEFEEUFEESUITGAWE, Julie 2008

Geliefdes,

Dit het sommer lekker wild gegaan, dit is nou die organisering en viering van die Eeufees, die vlug na Suid-Afrika, my operasie in Potchefstroom, die bywoning van die HIV/VIGS werkswinkel in Stellenbosch, die organisering van ons "huisie in Parysie" en die vlug en reis terug na Mosambiek, die begin van die klasse by HEFSIBA en dit alles in net meer as 2 weke!

PERSONEEL NUUS

1. Die Here het vandag, 23 Julie 2008, aan ds Aaron en Elvinah 'n welgeskape dogtertjie gegee met die naam: Thamathama. Sy is gebore in die Nkhoma sendinghospitaal in Malawi.
2. Marie Smit en ek het geslaagde operasies ondergaan in Suid-Afrika - dank saam met ons die Here daarvoor. Marie is nog in SA.
3. Petria Theron het offisieel gehoor dat sy suksesvol was met haar doktorale studies in Teologie in Potchefstroom. Sy is ook aangestel as vaste dosent by HEFSIBA in die plek van dr. Marilda de Oliveira wat nou in Korea 'n pastorale pos aanvaar het.
4. David Ker se ma is onlangs oorlede en die hele familie gaan nou tot volgende jaar in Amerika bly.
5. Olina, vrou van ds Manasse, word volgende Vrydag (1 Augustus), DV in Blantyre geopereer. Hulle het my gevra om hulle dank oor te dra aan almal wat finansieel bygedra het om die operasie moontlik te maak. Dankie vir julle gebede.

Op aandrang van dr Hennie van Deventer van Wellington het ek 'n artikel vir die Kerkbode geskryf oor die Eeufees en dit is díe wat ek nou insluit as deel van die Nuusbrief. Lekker lees!

DIE GEREFORMEERDE KERK IN MOSAMBIEK (IRM) VIER VROLIK HAAR 100 JAAR VAN GENADE

"Die genade was groot, die fees was regtig 'n fees van eenheid en vrolikheid", som ds Samuel Matunda gister sy gevoelens op oor die Eeufees van die Gereformeerde Kerk in Mosambiek (IRM), wat vanaf 3 - 6 Julie 2008 sy hoogtepunt belewe het in die noordweste van Mosambiek in die Tete provinsie.

DIE VEEL BEWOE GESKIEDENIS WORD IN HERINNERING GEROEP

Die fakkelloop vanaf Mlanda in Malawi tot by Mphatso in Mosambiek het in herinnering geroep die epiese tog van ds Andrew George Murray van die Ned. Geref. Kerk wat honderd jaar gelede Malawi verlaat het met sy ossewa om hom in Mosambiek te vestig. Dit was in 1908 dat hy en William H. Murray Mphatso gekies het as die eerste sendingstasie van die kerk in Mosambiek. Inheemse evangeliste uit Malawi het gekom om te help evangeliseer onder die Angonis, 'n groep Zulus wat in die dae van koning Tshaka na hierdie uithoek van die wereld gevlug het. Reeds in 1910 word die eerste drie volwassenes gedoop en groei die kerk bestendig.

DIE SENDELINGE WORD UIT LAND EN IN DIE TRONK GESIT.

Hier tussen 1915 en 1922 neem dinge 'n lelike wending met die Portuguese koloniale regering, aangevuur deur fanatiese Rooms Katolieke, wat enige rede soek om die werk van die "Dutch" kerk stop te sit. Gedurende hierdie tyd bring sendelinge Murray en Liebenberg onder andere 14 moeilike dae in 'n tronk deur naby die huidige Vila Ulónguè. In 1922 word die sendelinge finaal uit die land gesit en kom al die sendingstasies wat intussen ontstaan het tot 'n ontydige halt. In 'n emosiegelaaide diens groet Ds.Andrew George Murray vir oulaas sy gemeente in Desember 1922 met die volgende woorde: "Ek laat julle die Woord van God, as julle dié lief het en volg sal die Here julle bewaar en julle Herder wees" Daar word bereken dat soveel as 65 evangeliste-onderwysers brutaal gestop is om aan te gaan met hulle werk, baie van hulle moes harde handewerk gaan doen vir die staat, sommige is doodgemaak en ander is uit die land geban tot in Indie vanwaar hulle nooit teruggekeer het nie.

DIE WOESTYN TYD

Die kerk moes nou aangaan sonder sy leierskapkorps vir meer as 'n halwe eeu. Maar God is getrou en 'n nuwe leierskap ontstaan in die vorm van ouderlinge wat onder groot geheimhouding getrou voortgaan met Woord verkondiging en kerk organisering. Baie lidmate gaan met vrees en bewing na Malawi vir verdere kategese en om gedoop te word. Vergaderings vind snags plaas. Die sg. "Groep van Nege" en die "Groep van Tien" neem nou die beheer van die kerk oor. Aangrypend was dit toe sommige van hierdie oorlewendes, tydens 'n historiese teater opvoering deur studente van die HEFSIBA Teologiese Skool, onder 'n erewag van Zulu skilde met drom begeleiding, die aanwesige feesgangers triomfantelik gegroet het. In 1977 word 'n sinodale kommissie gekies met dominee Petrus Tembo, die swart sendeling van Suid-Afrika, as voorsitter. Hulde is gebring aan manne soos ds P.E.S. Smit, dr. Johannie Cronjé en dr Eddie Bruwer van die Ned. Geref. Kerk wat instrumenteel was in die registrasie van die "Igreja Reformada em Moçambique" Ja, inderdaard, "Hou Christus self Sy kerk in stand - vergeefs die hel se woede"

DIE FAKKEL VAN DIE EVANGELIE WORD AAN INHEEMSE LEIERSKAP OORHANDIG

Dit was vir almal 'n groot vreugde dat ds. Kobus Minnaar, een van die legendariese pionier sendelinge hier in die noorde van die land, die verrigtinge kon bywoon en die brandende fakkel wat die Evangelie voorstel in 'n aangrypende seremonie aan ds Atenasio Erasmo Masina, die moderator van die Algemene sinode van die IRM, kon oorhandig. Daarna is die "monument van eenheid" wat die eenheid tussen die drie sinodes voorstel onthul op Mphatso deur die plaaslike "Administrador" en ds Samuel Bessitala van die Mphatso sinode. Tydens sy toespraak het ds Kobus hulde gebring aan veral ds. Pieter Botha wat beskou word as die groot visionêr van die IRM kerk. Dit was wonderlik om sy weduwee, mev. Janet Botha ook hier te kon he wat deur die vertoon van historiese skyfies die geskiedenis kon laat herlewe. Haar skoonseun, ds. Willie Gouws van Stilbaai, wat self diep spore hier gelaat het, het die Saterdag in 'n preek 'n ernstige beroep gedoen op die kerk om nie agtertoe te kyk na geykte kerklike - en kultuur tradisies nie en die oe te hou op Jesus, die voleinder van ons geloof. Dr. Manie Taute en sy vrou het al die pad van Portugal hier aangekom en saam met die eerste dosent van HEFSIBA, ds Wessel Bester, ons voorgestel aan die eerste studente wat nog in die kerk op Vila Ulónguè gebly en daar klas geloop het. Dr. Braam

Hanekom,moderator van die Wes-Kaap NG Sinode, Dr. Kobus Odendaal, die bestuurder van die Getuieniskommissie van die familie van NG Kerke van die Wes-Kaap, dr. Martin Pauw die vorige sending sekretaris, ds Plaatjies, visie- moderator van die Wes-Kaap sinode van die VGK, ds. Chris Eksteen van die NG Tulbagh gemeente en andere, het die Saterdag die geleentheid gehad om kort groeteboodskappe oor te dra aan die geduldige skare. Mense soos dr Ryk van Velden, voorheen van Malawi en ds Carl Lourens, die sekretaris van die GSM - Gesamentlike Sending Kommissie van Mosambiek en sommer baie ander eregaste van o.a. Roodekrans, Rawsenville en Kempton-Kruine NG gemeentes het ons ook vereer met hulle teenwoordigheid en belangstelling. O ja, en dan was daar nog mense soos prof Jurgens Hendrikse van Stellenbosch en sy vrou Helen en natuurlik dan ook Magda Saayman wat uiteindelik ons kom besoek het!

MOOI KORE EN WELSPREKENDE SPREKERS

Duisende vrouens het die pragtige blou en wit ontwerpte 'capulanas' (tipe van rok) aangegaan wat bygedra het tot 'n feestelike atmosfeer tydens die verrigtinge die Vrydag op Mphatso en Saterdag en Sondag op die sendingstasie van Vila Ulónguè. Voeg dan daarby die wonderlikste kore van veral jeug en vrouens wat dans-dans uitbundig luister verleen het aan die verrigtinge. Sondag was die hoogtepunt met goed gekieste boodskappe wat gelewer is o.a. deur dr Nelus Niemandt, onder-moderator van die Algemene Sinode van die Ned. Geref Kerk, prof. Elna Mouton van die Teologiese Fakulteit op Stellenbosch en kerkverteenwoordigers van Amerika, Holland, Zimbabwe en Malawi. Die Goewerneur van die Tete provinsie het die laaste woord gehad en die kerk geloof vir sy bydrae tot die opbou van die mense in Mosambiek. "Sonder die hulp van die kerk kan ons as die staat nie die armoede vraagstuk aanspreek nie maar ook nie die HIV en Vigs pandemie nie en ook nie die morele vraagstukke nie - ons het julle nodig - gaan voort met dringendheid met julle goeie werk - die tyd is min - nie een van ons gaan nog hier wees om die volgende eeufeesverrigtinge by te woon nie!"

Die groot groep Suid-Afrikaners wat met vliegtuie, busse en karre, dikwels na baie ontberinge, hier uitgekamp het, was vol waardering vir die goeie organisasie en lekker kos van die inheemse mense van Mosambiek. Ook vir hulle was dit 'n onvergeetlike byeenkoms van kamaraderie maar ook van bevoorregting om getuies te wees van die werkinge van 'n genadige God in dié deel van Afrika.

DIE IRM KERK VANDAG

Die Igreja Reformada em Mocambique (IRM) spog vandag met 62 gemeentes, 55 predikante en by die 80 000 lidmate en is 'n vinnig groeiende kerk. Groot klem word gele op die bereiking van die onbereikte, Moslem georienteerde, stamme, veral in die noord-ooste van die land. Merkwaardig is o.a. die betrokkenheid van die CCAP kerk in Malawi en dan by name die Nkhoma sinode wat toenemend kwaliteit evangeliste stuur na Mosambiek en instaan vir al hulle uitgawes. HEFSIBA, die Instituut vir Christelike Hoer Onderwys, speel 'n baie belangrike rol in die vorming van die predikante vir hierdie, relatief, jong, groeiende kerk.

In 1992 is die volgende gekies as leuse van die kerk: "Nie deur krag of geweld nie maar deur My Gees," Sag.4:6 Dit was duidelik by die Eeufees dat die Heilige Gees nog groot dinge beplan vir hierdie kerk. Al die bydraes en gebede van gelowiges van veral Suid-Afrika se Ned. Geref. Kerk deur al die jare was en is nie verniet nie!

"Gaan voort met dringendheid met julle goeie werk - die tyd is min - nie een van ons gaan nog hier wees om die volgende eeufeesverrigtinge by te woon nie"!

Wees gegroet in Sy Naam!

Kruger en Antoinette

NS Kan mense wat mooi fotos het van die Eeufees dit dringend stuur aan dr. Hennie van Deventer asseblief - stuur dan sommer geskikte byskrifte. Sy E.Pos adres is: hennie@bmedia.co.za.

Kruger & Antoinette du Preez

HEFSIBA Instituto Superior Cristao
Tel. +258 25252021
Cell +258 827630440
www.Hefsiba.org

Moet asb nie boodskappe met meer as 120K stuur nie
Please limit messages to less than 120K.